



VKB BELEGINGS (EDMS.) BPK.

**MEMORANDUM AAN
AANDEELHOUDERS**

**OMSKEPPING VAN VKB
BELEGINGS (EDMS.) BPK. IN 'N
PUBLIEKE MAATSCHAPPIJ EN
NOTERING VAN 'N NUWE KLAS
VERHANDELBARE, NIE-AFLOSBAAR
VOORKEURAAANDELE (KLAS 5-
VOORKEURAAANDELE)**



INHOUDSOPGAWE

	Bladsynommer
1. PROSES	3
2. UITVOERENDE OPSOMMING	4
3. VKB SE STRUKTUUR	6
4. VKB BELEGGINGS SE BESIGHEIDSMODEL	7
4.1 KLASSE AANDELE	7
5. IMPLIKASIES VAN OMSKEPPING VAN VKB BELEGGINGS IN 'N PUBLIEKE MAATSKAPPY	9
5.1 AANDEELHOUERS	9
5.2 VKB	10
6. VOORGESTELDE KLAS 5 VERHANDELBARE VOORKEURAANDELE	12
7. TERME EN VOORWAARDES VAN DIE KLAS 5 VERHANDELBARE VOORKEURAANDELE	12
8. WYSIGING VAN KLAS 2- EN 3-AANDELE SE VOORWAARDES	13
9. WYSIGING VAN KLAS 4-VOORKEURAANDELE SE VOORWAARDES	13
10. IMPLIKASIE INDIEN BESLUTE NIE GOEDGEKEUR WORD NIE	13
11. VOORGESTELDE TOEKOMSTIGE KLASSE AANDELE	14
12. AANBEVELING	15

Aan : Die Aandeelhouders van VKB Beleggings (Edms.) Bpk.
Van : Die Direksie
Datum : 1 Junie 2021
INSAKE : OMSKEPPING VAN VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK. IN 'N PUBLIEKE MAATSKAPPY EN NOTERING VAN 'N NUWE KLAS VERHANDELBARE, NIE-AFLOSBARE VOORKEURAANDELE (KLAS 5-VOORKEURAANDELE)

1. PROSES

Hierdie dokument is 'n besprekingsdokument vir aandeelhouders se insette. Die finale dokument sal as deel van die Kennisgewing van die 2021 Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouders, wat op 15 September 2021 plaasvind, gesirkuleer word.

Die voorgestelde besluite sal tydens die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouders oorweeg word.

Indien sodanig goedgekeur, sal die spesiale besluite tesame met die nuwe Akte van Oprigting van VKB Beleggings Beperk ingedien en geregistreer word by die Registrateur van Maatskappye (CIPC). Daarna sal die Klas 5-voorkeuraandele op 'n aandelebeurs genoteer word as verhandelbaar. Die verloop van die proses sal deurgaans aan die aandeelhouders gekommunikeer word.

AANDEELHOUDERS WORD VERSOEK OM HIERDIE DOKUMENT DEEGLIK TE BESTUDEER EN MET HUL FINANSIËLE EN ANDER PROFESSIONELE ADVISEURS TE KONSULTEER RAKENDE DIE INHOUD EN IMPLIKASIES VAN DIE VOORSTELLE HIERIN VERVAT. AANDEELHOUDERS WAT ONSEKER IS OOR HUL POSISIE, WORD AANGEMOEDIG OM SELF, OF DEUR SY/HAAR ADVISEURS, MET VKB KONTAK TE MAAK. IN HIERDIE VERBAND KAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES VKB GROEP (MNR MJ MITTERMAIER – 058 863 8270, E-POSADRES: markusm@vkb.co.za) GEKONTAK WORD. DIE DIREKSIE VERWELKOM ENIGE INSETTE, WAT INGEDIEN MOET WORD BY MNR MITTERMAIER TEEN NIE LATER NIE AS 30 JUNIE 2021.

2. UITVOERENDE OPSOMMING

Die Akte van Oprigting (“Akte”) van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. (“VKB Beleggings”/“VKB”) bevat die ooreenkoms tussen VKB en sy aandeelhouders, soos deur die aandeelhouders aangeneem en goedgekeur. VKB word bedryf volgens die bepalings vervat in die Akte en die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008 (“die Wet”).

Die aandeelhouders van VKB het die afgelope paar jaar die versoek gerig dat meganismes ondersoek word om vroeër waarde vir die aandeelhouders te ontsluit. Verskeie aksies is in hierdie verband geneem, waaronder die verklaring van dividende en die skepping van Klas 4-voorkeuraandeel waardeur aandeelhouders die geleentheid gebied word om hul fondse in die maatskappy te hou na aflossing van Klas 2-aandeel.

Verdere versoeke is daarna ontvang van aandeelhouders wat die behoefte uitgespreek het om hul voorkeuraandeel vroeër as die aflosdatum in kontant te omskep en/of dit aan die mark bloot te stel. Die Direksie het die aangeleentheid ondersoek en na oorweging van verskeie alternatiewe voorgestel dat ’n klas verhandelbare voorkeuraandeel binne VKB Beleggings die aangewese opsie is om aan hierdie behoefte te voldoen, vir die redes soos hierin uiteengesit. Die Direksie het voorts versoek dat die terme en implikasies verlede jaar aan die aandeelhouders voorgehou word tydens die Inligtingsvergaderings in September 2020 en die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering. Die aandeelhouders het insette gelewer en die voorstel sodanig ondersteun dat die Direksie met vrymoedigheid aanbeveel dat VKB Beleggings omskep word in ’n publieke maatskappy, VKB Beleggings Beperk, waarbinne ’n klas verhandelbare aandeel geskep word met die voordele soos hierin uiteengesit.

VKB Beleggings is tans ’n private maatskappy en sy aandeel is nie verhandelbaar nie. Ten einde voorsiening te maak vir die skepping van ’n klas verhandelbare, genoteerde aandeel, moet die maatskappy omskep word in ’n publieke maatskappy. Sodanige omskepping behels dat ’n nuwe Akte aangeneem en goedgekeur word. Vir hierdie doel vereis die Akte en die Wet dat spesiale besluite geneem en goedgekeur word deur 75% van die totale stemregte wat uitgeoefen kan word oor die besluite. Die terme van die huidige Klas 2- en 3-aandeel moet ook gewysig word om voorsiening te maak dat die betrokke klasse aandeel omskepbaar is in verhandelbare Klas 5-voorkeuraandeel. Die opsie om te omskep sal halfjaarliks aan die betrokke aandeelhouders gebied word. Omskepping van aandeel is onomkeerbaar (die omskepte Klas 2- of 3-aandeel kan nie weer opgeneem word nie).

Die praktiese implikasie van hierdie voorstel behels dat die bestaande klasse aandeel in VKB Beleggings in wese behou word soos dit tans is, en die addisionele opsie aan aandeelhouders gebied word om ’n gedeelte, of al hul Klas 2- en 3-aandeel/“ledefondse”, te omskep in aandeel wat vryelik verhandel. Slegs die verhandelbare Klas 5-voorkeuraandeel sal op ’n aandeelbeurs genoteer word. Die Klas 5-voorkeuraandeel word uitgereik aan aandeelhouders wat besluit om hul Klas 2- en 3-aandeel te omskep. Die waarde van die verhandelbare aandeel sal ondersteun word deur die assosiasie met VKB as ’n gevestigde, stabiel-presterende groep. Die Klas 5-voorkeuraandeel behoort dus ’n aantreklike opsie vir beleggers te wees, gebaseer op die dividendstroom wat die belegger koop. Enige lid van die publiek, insluitend VKB se aandeelhouders en ander beleggers, kan enige tyd enige hoeveelheid van die Klas 5-voorkeuraandeel aankoop wat te koop aangebied word op die aandeelbeurs waar dit sal verhandel. Die verwagting is dat die Klas 5-voorkeuraandeel ’n billike beleggingsopsie sal bied weens die dividendkoers en VKB Beleggings se volgehoue prestasie. Kopers van hierdie aandeel kan dus op so ’n wyse ’n portefeulje van hierdie aandeel opbou. Klas 5-voorkeuraandeel sal slegs bekom word deur omskepping van bestaande Klas 2- en 3-aandeel, of deur die aankoop, op die aandeelbeurs, van hierdie aandeel wat te koop aangebied word deur die houders daarvan. Slegs die Klas 5-voorkeuraandeel sal verhandelbaar wees. Die res van VKB Beleggings se aandeel bly steeds onverhandelbaar en dra al die stemreg en gevolglik die beheer van VKB. Slegs indien die Klas 1-, 2- en 3-aandeelhouders met ’n spesiale besluit van 75% instem, kan ’n besluit geneem word wat die toekomstige beheer van VKB raak. Dit is ook tans die geval.


Geen van die bestaande of toekomstige aandeel in VKB Beleggings vorm op enige direkte of indirekte wyse deel van enige vergoeding van direkteure, personeel, kontrakteurs of konsultante nie.

Aandeelhouders van VKB Beleggings sal na die omskepping steeds besigheid doen met VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") soos tans, en jaarliks aansporingskortings ontvang op grond van die omvang van hul besigheid gedoen met VKB Landbou en sekere filiale. Hierdie aansporingskortings sal in die toekoms steeds toegeken word deur die betaling van 'n kontantkomponent en deur die uitreiking van Klas 2 aflosbare aandele in VKB Beleggings. Aandeelhouders sal dan die keuse kan uitoefen om hul Klas 2-aandele of 'n gedeelte daarvan te omskep in Klas 5 nie-aflosbare voorkeuraandele wat vryelik verhandel. Klas 5-voorkeuraandele het 'n dividendkoers van 40% van die heersende prima-uitleenkoers van toepassing op die verklaringsdatum. Die houer van die aandele se posisie met betrekking tot opbrengs is dus nie onseker nie, aangesien hy in wese 'n dividendstroom koop, gebaseer op die nominale waarde van R1,00 per aandeel (onderworpe aan die bepalings van die Wet, wat insluit dat die maatskappy aan die solvensie-en-likiditeitstoets voldoen ("solvensie en likiditeit")). Klas 5-aandeelhouders se stemreg is egter beperk tot aangeleenthede wat die regte van Klas 5-voorkeuraandele raak en hulle sal dus geen invloed uitoefen op die bestuur van VKB Beleggings, sy voortbestaan of wysiging van sy Akte nie.

Die voorgestelde omskepping en notering hou geen nadeel vir VKB in nie behalwe vir die geringe kontantvloei-implikasie weens die verhoogde dividend volgens die nuwe model en die noteringskoste. Die houders van sy gewone/lidmaatskapaandele sal steeds slegs bona fide-producente wees aan wie die besigheid behoort, soos die afgelope meer as 100 jaar die geval was, en die seggenskap oor die besigheid bly by die bestaande aandeelhouders in verhouding tot hul Klas 1-, 2- en 3-aandele.

IMPLIKASIES VAN DIE VOORSTEL	
Voordele – VKB	Voordele – Aandeelhouer
▪ Bly produsentebesigheid soos afgelope 101 jaar. ▪ Verhandeling van aandele vind buite VKB plaas. ▪ VKB hoef nie eie fondse aan te wend vir terugkoop van aandele nie. ▪ VKB se balansstaat versterk en vermoë om besigheid te doen, verbeter.	▪ Kan Klas 2- en 3-aandele omskep en te gelde maak (gedeeltelik of alles). ▪ Behou stemreg in VKB ten opsigte van aandele wat nie omskep is nie. ▪ Doen steeds besigheid met VKB Landbou en filiale soos voorheen. ▪ Ontvang steeds elke jaar aansporingskortings in die vorm van 'n kontantkomponent en nuwe Klas 2-aandele wat omskep kan word. ▪ Kan Klas 5-voorkeuraandele sedeer aan VKB Landbou vir produksiefinansiering. ▪ Klas 5-voorkeuraandele het 'n dividendkoers van 40% van prima-uitleenkoers en dividend word bereken op sigwaarde (R1,00). ▪ Diskresie om te omskep/deelname is vrywillig. ▪ Reserwetoekennings kan meer gereeld gedoen word.
Nadele – VKB	Nadele – Aandeelhouer
▪ Minimale kontantvloei-implikasie weens verhoogde dividend en noteringskoste.	▪ Omskepping van aandele is onomkeerbaar. ▪ Sekuriteitswaarde van Klas 5-voorkeuraandele gebaseer op markwaarde, wat waarskynlik minder sal wees as Klas 2- en 3-aandele se sekuriteitswaarde. ▪ Klas 5-voorkeuraandele het geen stemreg oor sake waarvoor Klas 1-, 2- en 3-aandeelhouders in VKB stemreg het nie. ▪ In geval van likwidasië – reg om te deel in surplus beperk tot R1,00 per aandeel.

3. VKB SE STRUKTUUR



’n Totaal van 4 605 bona fide-produsente besit elk 5 000 gewone aandele in VKB Beleggings. Die gewone aandele, tesame met die Klas 2-, 3- en 4-aandele, bring die huidige aandeelkapitaal in VKB Beleggings te staan op R2 146 487 000 (soos op 25 Mei 2021).

VKB Beleggings is die houermaatskappy van die VKB Groep. VKB Beleggings besit 85% van die gewone aandele in VKB Landbou en 85% van die gewone aandele in VKB Agri Processors (Pty) Ltd (“VKB Agri Processors”). Hierdie twee maatskappye is weer die onderskeie houermaatskappye van ’n aantal filiale. VKB Beleggings hou ook kumulatiewe, aflosbare voorkeuraandele in VKB Agri Processors ter waarde van R797 miljoen, wat ’n opbrengskoers van 10% dra.

Landbouprodusente neem produksiefinansiering by VKB Landbou op en doen meestal hul besigheid met VKB Landbou en sy filiale. As aansporing vir toekomstige besigheid ken VKB Landbou jaarliks uit sy wins aansporingskortings toe aan sy kliënte, wat betaal word deur ’n kontantkomponent en deur die uitreiking van Klas 2-aandele in VKB Beleggings.

Aandeelhouders sedeer hul Klas 2- en 3-aandele in VKB Beleggings aan VKB Landbou as sekuriteit vir produksiefinansiering, waar van toepassing.

VKB se nywerhede is filiale van VKB Agri Processors. Hierdie filiale verklaar dividende aan VKB Agri Processors, wat op sy beurt weer VKB Beleggings se voorkeuraandele vergoed teen ’n koers van 10%, en ook by magte is om dividende te verklaar aan die houders van sy gewone aandele, waarvan VKB Beleggings 85% hou. VKB Beleggings se model behels dus dat hy voorkeurdividende sowel as gewone dividende ontvang en weer op sy beurt dividende verklaar aan sy aandeelhouders, synde die produsente van VKB.

4. VKB BELEGGINGS SE BESIGHEIDSMODEL

VKB Beleggings se besigheidsmodel en huidige Akte maak voorsiening vir die volgende klasse aandele:

4.1 KLASSE AANDELE

KLAS 1 Gewone aandele, elke aandeelhouer (bona fide-produsente) besit 5 000 gewone aandele en beskik oor een stem per aandeel.

KLAS 2 *Die aandeelhouer doen besigheid met VKB, hoofsaaklik VKB Landbou en sy filiale. Aan die einde van die finansiële jaar verklaar VKB Landbou uit sy wins 'n korting aan sy kliënte as aansporing vir toekomstige besigheid. Hierdie korting word betaal deur 'n kontantkomponent en deur die uitreiking van Klas 2-aandele in VKB Beleggings.*

Stemdraende, aflosbare aandele in verhouding tot aansporingskortings toegeken, met dien verstande dat, nadat 'n gedeelte van die aansporingskortings in kontant uitbetaal is, vir die balans een Klas 2-aandeel uitgereik word in VKB Beleggings vir elke R1,00 aansporingskorting toegeken. Die Klas 2-aandele sal verkieslik nie later nie as 15 jaar na uitreiking daarvan deur VKB Beleggings teruggekoop word, met inagneming van die besigheid se vermoë en behoeftes. 'n Aandeelhouer wat ten tye van die toekenning van 'n bepaalde jaar se aansporingskortings 55 jaar of ouer is, se Klas 2-aandele word op ouderdom 70 jaar teruggekoop, onderworpe aan 'n minimum periode van vyf jaar. Elke Klas 2-aandeel dra een stem.

KLAS 3 *Die maatskappy hou jaarliks 'n gedeelte van sy wins terug, wat oor tyd heen opbou as reserves. Wanneer die maatskappy se balansstaat dit regverdig, keer hy hierdie reserves uit aan aandeelhouers by wyse van uitgifte, soos wat VKB in 2012 gedoen het met die uitreiking van die huidige Klas 3-aandele.*

Stemdraende, aflosbare aandele wat gedurende 2012 toegeken is aan aandeelhouers uit reserves van die eertydse Vrystaat Koöperasie Beperk en Noord-Transvaal Koöperasie Beperk. Vir elke R1,00 reserves toegeken aan 'n aandeelhouer, is een Klas 3-aandeel in VKB Beleggings aan die aandeelhouer uitgereik. Die Klas 3-aandele sal verkieslik nie later as 15 jaar na uitreiking daarvan deur VKB Beleggings teruggekoop word nie (2027), met inagneming van die besigheid se vermoë en behoeftes. Elke Klas 3-aandeel dra een stem.

KLAS 4 *Aan die einde van die 15 jaar aflossingstermyn van Klas 2- en 3-aandele word die opsie aan die houe van hierdie aandele gebied om dit nie te laat terugkoop deur VKB nie, maar dit te omskep in Klas 4-voorkeuraandele. VKB vergoed die houe van Klas 4-voorkeuraandele teen 'n aantreklike dividendkoers vir die aandeelkapitaal wat behou en aangewend word in die maatskappy.*

Deelnemende, nie-stemdraende, aflosbare voorkeuraandele om voorsiening te maak daarvoor dat aandeelhouers wie se Klas 2- en 3-aandele afgelos word, die keuse kan uitoefen om, vir die aflossingswaarde van sodanige aandele, Klas 4-voorkeuraandele op te neem, welke aandele in alle opsigte pari passu rangeer met Klas 2-aandele, buiten vir 'n hoër dividendkoers. Die aandele is aflosbaar met 30 dae kennis aan die maatskappy, wat dit dan moet terugkoop teen die sigwaarde daarvan.

Tabel 1: Huidige klasse aandele

Huidige aandele	Termyn	Dividend	Hoeveelheid	Waarde	Stemreg
Klas 1 gewone aandele	Onbeperk (solank as wat lidmaatskap voortduur)	Geen	5 000 per aandeelhouer	R5 000 per aandeelhouer (5 000 @ R1,00 elk = R5 000)	1 stem per aandeel
Lidmaatskap					
Klas 2 stemdraende, aflosbare aandele	▪ Maksimum 15 jaar, minimum 5 jaar ▪ Word deur VKB Beleggings teruggekoop na 15 jaar	Geen vaste dividend nie, Direksie het diskresie om dividend of rente te betaal	Uitgereik op grond van aansporingskortings toegeken in VKB Landbou teen 1 aandeel vir elke R1,00 aansporingskorting (na uitbetaling van kontantkomponent)	R1,00 per aandeel	1 stem per aandeel
Aansporingskortings/ "ledefondse"					
Klas 3 stemdraende, aflosbare aandele	▪ Nie langer as 15 jaar nie (2027) ▪ Word deur VKB Beleggings teruggekoop na 15 jaar	Geen vaste dividend nie, Direksie het diskresie om dividend of rente te betaal	Reserwes toegeken in 2012	R1,00 per aandeel	1 stem per aandeel
Reserwes					
Klas 4 deelnemende, nie-stemdraende, aflosbare voorkeuraandele	Aflosbaar met 30 dae kennis	4%	Uitgereik vir die sigwaarde van Klas 2- en 3-aandele	R1,00 per aandeel	Nie-stemdraend
Klas 2- en 3-aandele omskep					

5. IMPLIKASIES VAN OMSKEPPING VAN VKB BELEGGINGS IN 'N PUBLIEKE MAATSKAPPY

5.1 AANDEELHOUERS

Die behoeftes van die aandeelhouders is uiteenlopend en hang af van elkeen se unieke persoonlike en besigheidsomstandighede. Ten einde voorsiening te maak vir die behoefte om aandele vroeër in kontant te omskep en/of aan die mark bloot te stel, moet 'n afsonderlike klas verhandelbare voorkeuraandele geskep word (Klas 5-voorkeuraandele). Slegs hierdie betrokke klas aandele sal genoteer word op 'n aandelebeurs. Die res van VKB se aandele word in wese behou soos dit tans is (verwys Tabel 2). Klas 5-voorkeuraandele bied aan aandeelhouders die geleentheid, in hul uitsluitlike diskresie, om hul bestaande Klas 2- en 3-aandele gedurende die 15 jaar aflossingstermyn daarvan te omskep in Klas 5-voorkeuraandele, en laasgenoemde te hou of te verkoop teen markwaarde as die behoefte bestaan om die aandele te gelde te maak weens, byvoorbeeld, finansiële druk, staking van boerdery, siekte, immigrasie, ensovoorts. Klas 5-voorkeuraandele het 'n jaarlikse dividendkoers van 40% van die heersende prima-uitleenkoers van toepassing op die verklaringsdatum, op die sigwaarde van die aandeel (R1,00), onderworpe aan die solvensie en likiditeit van die maatskappy.


Die mark sal die waarde van die Klas 5-voorkeuraandele bepaal, gegewe die dividendkoers. Die markwaarde van die Klas 5-voorkeuraandele sal waarskynlik hoër wees as die verdiskonteerde waarde waarteen VKB Klas 2- en 3-aandele terugkoop, maar laer wees as die sigwaarde daarvan. Wanneer produsente finansiering by VKB opneem, gebruik VKB die sigwaarde van die Klas 2- en 3-aandele (R1,00 per aandeel) as sekuriteitswaarde. Produsente wat steun op hul aandele as sekuriteit word dus nie aangeraai om hul aandele te omskep nie, tensy hulle alternatiewe sekuriteit kan aanbied. In gevalle waar 'n aandeelhouer onder druk verkeer om 'n gedeelte van sy aandele te gelde te maak, bied Klas 5-voorkeuraandele egter die geleentheid. Selfs waar 'n aandeelhouer sy/haar bedrywighede wil uitbrei, kan 'n gedeelte van sy/haar aandele te gelde gemaak word en daarvoor aangewend word (byvoorbeeld, aandele jonger as vyf jaar wat nog meer as 10 jaar het voor die verstryking van die aflossingstermyn).

Soos blyk uit Grafiek 1, vermeerder die verdiskonteerde waarde van Klas 2-aandele soos die termyn van 15 jaar uitloop.

Tot die mate waarin 'n aandeelhouer kies om sy/haar aandele te omskep in Klas 5-voorkeuraandele, verbeur die aandeelhouer sy/haar stemreg binne VKB en is sy/haar stemreg as houer van Klas 5-voorkeuraandele daarna beperk tot aangeleenthede wat die regte van Klas 5-voorkeuraandele raak. Hy/sy bly egter 'n aandeelhouer met stemreg ten opsigte van die ander aandele wat hy/sy steeds in VKB besit (soos van toepassing). Alle Klas 1-, 2- en 3-aandele sal steeds aan bona fide-produsente behoort. Aansporingskortings sal in die toekoms, soos tans, toegeken word aan kliënte op grond van die omvang van die kliënt se besigheid met VKB Landbou en sekere filiale, en sodanige toekenning sal geskied deur betaling van 'n kontantkomponent en uitreiking van Klas 2-aandele in VKB Beleggings.

Dit is elke aandeelhouer se verantwoordelikheid om sy/haar individuele posisie te oorweeg met inagneming van, onder andere, die waarde en aflossingstermyn van sy/haar aandele. Aandele wat nader aan die verstryking van die 15-jaarstermyn is se huidige waarde, met inagneming van verdiskontering, sal waarskynlik hoër wees as die markwaarde van die Klas 5-voorkeuraandele. Aandele wat nog 'n lang tyd het voordat dit afgelos word, sal waarskynlik 'n laer verdiskonteerde waarde hê as die huidige markwaarde van die Klas 5-voorkeuraandele (verwys Grafiek 1).

Grafiek 1: Aanduiding van verdiskonteerde waarde van R100 se Klas 2-aandele oor die termyn van 15 jaar



Klas 2-aandele word na 'n maksimum periode van 15 jaar deur die maatskappy teruggekoop. Sou 'n aandeelhouer na afloop van hierdie periode steeds die Klas 2-aandele besit, word hy/sy die opsie gebied om die aandele te omskep in Klas 4 aflosbare voorkeuraandele. Die Klas 4-voorkeuraandele sal 'n dividendkoers van 50% van die prima-uitleenkoers dra. Dié aantreklike koers dien as motivering vir aandeelhouers om hul fondse binne die maatskappy te hou. Dit is enige tyd aflosbaar met 30 dae kennis aan die maatskappy, wat dit dan moet terugkoop teen die sigwaarde daarvan.

Aandeelhouers word aangeraai om met hul finansiële en ander professionele adviseurs te konsulteer rakende die inhoud en implikasies wat hierdie voorstel vir elke individuele aandeelhouer inhou. Aandeelhouers wat onseker is oor hul posisie, word aangemoedig om self, of deur sy/haar adviseurs, met VKB kontak te maak. In hierdie verband kan die Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep (mnr MJ Mittermaier – 058 863 8270, e-posadres: markusm@vkb.co.za) gekontak word.

5.2 VKB

Die Klas 5-voorkeuraandele hou bepaalde voordele vir VKB Beleggings in. Die verhandeling sal buite die maatskappy plaasvind en die maatskappy sal dus nie sy eie fondse hoef aan te wend om aandele terug te koop, soos tans die geval is nie. Tydelike kapitaal word omskep in permanente kapitaal, wat VKB se balansstaat versterk en sodoende sy vermoë om besigheid te doen, verbeter. Dit sal VKB in staat stel om op 'n meer gereelde basis reserwes uit te keer aan sy aandeelhouers, soos in die geval van die bestaande Klas 3-aandele, omdat die Klas 5-voorkeuraandele nie-aflosbaar is en die maatskappy nie sy kontant hoef aan te wend om sy eie aandele terug te koop nie.


Die kontantvloei-implikasie weens die verhoogde dividend volgens die nuwe model en die noteringskoste is minimaal.

Indien 'n groot aantal aandeelhouers die opsie uitoefen om hul Klas 2- en 3-aandele te omskep in Klas 5-voorkeuraandele, sal dit geen invloed uitoefen op die beheer van VKB en die moontlike toekomstige wysiging van die Akte nie, aangesien dit steeds slegs die aandeelhouers van Klas 1-, 2- en 3-aandele is wat die Akte van VKB Beleggings Beperk kan wysig met goedkeuring van 'n spesiale besluit deur 75% van hierdie totale stemgeregtigdes. Dit sluit die aandele uit wat omskep is in Klas 5-voorkeuraandele en nie meer stemreg het nie. Die stemreg ten opsigte van Klas 5-voorkeuraandele is beperk tot die aangeleenthede wat die regte van hierdie klas aandeelhouers

raak. Klas 5-voorkeuraandele en die verhandeling daarvan sal dus nie 'n invloed op VKB se eienaarskap hê of op die bestuur en toekoms van VKB nie. Die koper van Klas 5-voorkeuraandele koop slegs 'n dividendstroom en het geen seggenskap oor die bestuur en toekoms van VKB nie. Klas 5-voorkeuraandele sal slegs bekom word deur omskepping van bestaande Klas 2- en 3-aandele, of deur die aankoop van beskikbare aandele wat te koop aangebied word op die aandelebeurs. Slegs die Klas 5-voorkeuraandele sal verhandelbaar wees. Die res van VKB Beleggings se aandele bly steeds onverhandelbaar en dra al die stemreg en gevolglik die beheer van VKB. Slegs indien die Klas 1-, 2- en 3-aandeelhouders met 'n spesiale besluit van 75% instem, kan 'n besluit geneem word wat die toekomstige beheer van VKB raak. Dit is ook tans die geval.

Die voorwaardes van die huidige Klas 2- en 3-aandele bepaal dat die maatskappy hierdie aandele moet terugkoop teen nie later as 15 jaar na uitreiking daarvan nie. Elke jaar word nuwe Klas 2-aandele uitgereik en aandele deur VKB Beleggings teruggekoop wat die einde van die aflossingstermyn bereik het (bo en behalwe sterftes, bedankings, ensovoorts). Die maatskappy moet dus voorsiening maak om elke jaar roterende Klas 2-aandele terug te koop. Die maatskappy wend sy eie fondse aan vir hierdie doel. Soos die besigheid groei en meer Klas 2-aandele toeken, vergroot hierdie verpligting (verwys Grafiek 2: Kapitaal benodig vir terugkoop van Klas 2- en 3-aandele). Dit het tot gevolg dat minder kapitaal in die maatskappy beskikbaar is. Indien aandeelhouders hul Klas 2- en 3-aandele omskep in Klas 5-voorkeuraandele, het VKB nie 'n verdere verpligting om hierdie aandele terug te koop nie en gevolglik sal dit hierdie finansiële las op die maatskappy verlig. Die kapitaal bly dus permanent binne die maatskappy en hoe meer kapitaal binne VKB is, hoe sterker is sy balansstaat en hoe beter kan hy sy bedrywighede uitvoer. 'n Sterk balansstaat is uiteraard tot voordeel van die aandeelhouders van die maatskappy. Elke aandeelhouer sal dus ook die luuksheid hê om sy/haar eie posisie binne VKB deurgaans te oorweeg en, met die beste van al die wêreld tot sy/haar beskikking, gepaste keuses uit te oefen.

Grafiek 2: Kapitaal benodig vir terugkoop van Klas 2- en 3-aandele (R'000)



Die omskepping in 'n publieke maatskappy en notering van die voorgestelde Klas 5-voorkeuraandele impliseer dat die maatskappy onderworpe sal wees aan die statutêre bepalings van toepassing op publieke maatskappye, waaronder rapporterings- en noteringsvereistes. VKB voldoen reeds tot 'n groot mate hieraan.

Die voordele wat die omskepping en notering vir VKB en sy aandeelhouders meebring, regverdig die koste verbonde daaraan.

6. VOORGESTELDE KLAS 5 VERHANDELBARE VOORKEURAANDELE

Die aandeelhouer van 'n Klas 5 verhandelbare voorkeuraandeel besit in werklikheid slegs die belofte van 'n dividendstroom. Die voorgestelde Klas 5 verhandelbare voorkeuraandeel se waarde sal bepaal word deur vraag en aanbod. Die aandele sal in die vrye mark verhandel en die verhandeling sal dus nie beperk wees tot bona fide-producente nie. Bestaande aandeelhouders van VKB Beleggings, asook lede van die publiek en institusionele beleggers, sal enige tyd enige hoeveelheid van die aandele kan aankoop wat te koop aangebied word, op die beurs waar dit verhandel. VKB ontvang reeds navrae in hierdie verband en is die verwagting dat die Klas 5-voorkeuraandeel 'n billike beleggingsopsie sal bied weens die dividendkoers en VKB se volgehoue prestasie.

Die volgehoue en lewensvatbare bestuur van die VKB Groep skep reeds, en sal ook in die toekoms genoegsame vertroue in die mark skep en die belegging in die Klas 5-voorkeuraandeel aantreklik maak vir beleggers. Die verhandelbaarheid van die voorkeuraandeel word beïnvloed deur 'n aantal faktore, waaronder likiditeit, opbrengskoers en deursigtigheid. Daar moet genoegsame aansporing wees vir beleggers om die aandele op te neem. Likiditeit hou verband met transaksiewaarde en verhandelingsfrekwensie van 'n aandeel en is belangrik vir beleggers. 'n Billike, konstante opbrengs teen 'n lae risiko is eweneens belangrik vir beleggers in voorkeuraandeel. Die belegger sal voortdurend wil verseker dat die onderliggende waarde van die opbrengs asook kapitale waarde van die belegging redelik voorspelbaar en verseker is, dus 'n veilige belegging met 'n stabiele dividendkoers, gebaseer op die prestasie van die onderliggende maatskappy en die gepaardgaande waarskynlikheid dat die dividendstroom volhoubaar verklaar sal word, asook die aandeelhouders se vermoë om dit te kan monitor en analiseer. Sonder deursigtigheid oor die onderliggende vermoë en finansiële stand van die maatskappy wat die aandeel uitreik en dus die opbrengs moet lewer, is dit bykans onmoontlik om die risiko van wanprestasie deur die maatskappy te bepaal.

7. TERME EN VOORWAARDES VAN DIE KLAS 5 VERHANDELBARE VOORKEURAANDELE

Die terme verbonde aan die voorgestelde nuwe klas verhandelbare aandele (Klas 5-voorkeuraandeel) wat op 'n aandelebeurs genoteer sal word, is soos volg:

- Die aandele sal verhandelbaar wees op die beurs waar dit genoteer word.
- Die aandele sal nie-stemdraend wees (stemreg beperk tot aangeleenthede wat die regte daarvan raak).
- Die aandele sal nie-aflosbaar wees (word nie teruggekoop deur die maatskappy nie).
- Die aandele sal 'n dividendkoers van 40% van die heersende prima-uitleenkoers van toepassing op die verklaringsdatum dra, onderworpe aan die solvensie en likiditeit van die maatskappy. Die dividend word bereken op die sigwaarde (R1 – een Rand per aandeel) van die aandele.
- Die dividend sal nie-kumulatief wees.
- Verklaring en betaling van dividende sal halfjaarliks oorweeg word.
- Bestaande aandeelhouders sal halfjaarliks die geleentheid gebied word om bestaande Klas 2- en 3-aandele te omskep in Klas 5-voorkeuraandele.
- In die uiters onwaarskynlike geval van likwidasië van die maatskappy is die reg van die Klas 5-voorkeuraandeelhouders om te deel in die surplus beperk tot R1,00 per aandeel (waar Klas 2- en 3-aandeelhouders kan deel in die surplus bo R1,00). Die aandele het dus geen voorkeurreg by likwidasië nie.
- Die aandele kan gesedeer word aan VKB Landbou as sekuriteit vir produksiefinansiering, teen die markwaarde daarvan. Waar bestaande Klas 2- en 3-aandele dien as sekuriteit, moet gelykwaardige sekuriteit aangebied word alvorens die Klas 2- en 3-aandele omskep kan word in Klas 5-voorkeuraandele.
- Daar is 'n verskil in die opbrengskoers van Klas 4-voorkeuraandele en Klas 5-voorkeuraandele, maar verder rangeer die Klas 5-voorkeuraandele pari passu met die Klas 4-voorkeuraandele.

8. WYSIGING VAN KLAS 2- EN 3-AANDELE SE VOORWAARDES

Die terme van die huidige Klas 2- en 3-aandele in die Akte moet gewysig word om dit omskepbaar te maak in Klas 5-voorkeuraandele. Omskepping is onomkeerbaar (kan nie weer die Klas 2- of 3-aandele opneem nie).

9. WYSIGING VAN KLAS 4-VOORKEURAANDELE SE VOORWAARDES

Die huidige opbrengskoers van toepassing op Klas 4-voorkeuraandele is 4%. Aangesien dit sinvol is om al die klasse aandele se opbrengs te koppel aan die prima-uitleenkoers, word aanbeveel dat die opbrengskoers van toepassing op Klas 4-voorkeuraandele gewysig word na 50% van die prima-uitleenkoers van toepassing op die verklaringsdatum.

10. IMPLIKASIE INDIEN BESLUTE NIE GOEDGEKEUR WORD NIE

Indien die aandeelhouders nie die voorgestelde besluite hierin vervat tydens die opkomende Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouders goedkeur nie, word voortgegaan met die huidige model waarvolgens Klas 2- en 3-aandele 'n aflossingstermyn van 15 jaar het en slegs vroeër as die aflossingstermyn teruggekoop kan word teen die verdiskonterde waarde daarvan en/of in die diskresie van die Direksie. Dit sal dus aandeelhouders die geleentheid ontnem om meer en vinniger waarde vir hul aandele te ontsluit en sal 'n aandeelhouer wat onder finansiële druk verkeer, dus ongelukkig nie in staat wees om 'n gedeelte van sy/haar Klas 2- en/of 3-aandele te gelde te maak om sy/haar posisie te verbeter nie. Dit sal VKB ook forseer om kontant aan te wend om aandele terug te koop in buitengewone omstandighede en dus die toekomstige beskikbare kapitaal binne die maatskappy dienoreenkomstig verminder, welke kapitaal hoofsaaklik aangewend word om produsente te finansier. Die verdere implikasie is dat daar dan ook nie die geleentheid sal wees vir beleggers, insluitend die publiek, produsente of enige ander institusionele instansie, om aandele in VKB Beleggings te koop as 'n belegging nie.

11. VOORGESTELDE TOEKOMSTIGE KLASSE AANDELE

Na afhandeling van die voorgestelde omskepping van VKB Beleggings in 'n publieke maatskappy en die notering van die Klas 5-voorkeuraandele, sal die onderskeie klasse aandele soos volg daar uitsien (geen van die bestaande of toekomstige aandele in VKB Beleggings vorm op enige direkte of indirekte wyse deel van enige vergoeding van direkteure, personeel, kontrakteurs of konsultante nie):

Tabel 2: Toekomstige klasse aandele

Huidige aandele	Termyn	Dividend	Hoeveelheid	Waarde	Stemreg
Klas 1 gewone aandele	Onbeperk (solank as wat lidmaatskap voortduur)	Geen	5 000 per aandeelhouer	R5 000 per aandeelhouer (5 000 @ R1,00 elk = totaal R5 000)	1 stem per aandeel
Klas 2 stendraende, aflosbare, omskepbare aandele	- Maksimum 15 jaar, minimum 5 jaar - Geen vaste termyn, omskepbaar in Klas 5-voorkeuraandele - Deur VKB Beleggings teruggekoop	30% van prima-uitleenkoers (onderworpe aan die diskresie van die Direksie)	Uitgereik op grond van aansporings-kortings toegeken in VKB Landbou teen 1 aandeel vir elke R1,00 aansporings-korting (na uitbetaling van kontantkomponent)	R1,00 per aandeel	1 stem per aandeel
Klas 3 stendraende, aflosbare omskepbare aandele	- Nie langer as 15 jaar nie (2027) - Omskepbaar in Klas 5-voorkeuraandele	Geen vaste koers nie	Reserwes eenmalig toegeken in 2012	R1,00 per aandeel	1 stem per aandeel
Klas 4 deelnemende, nie-stendraende, aflosbare voorkeuraandele	Aflosbaar met 30 dae kennis	50% van prima-uitleenkoers	Slegs Klas 2- en 3-aandele wat aflosbaar is, kan omskep word in Klas 4-voorkeuraandele	R1,00 per aandeel	Nie-stendraend
Klas 5 nie-stendraende, verhandelbare, nie-aflosbare voorkeuraandele Verhandeling	- Oneindig - Verhandelbaar	40% van prima-uitleenkoers	- Enige hoeveelheid kan opgeneem/verhandel word - Klas 2- en 3-aandele kan omskep word in Klas 5-voorkeuraandele	Markwaarde	Nie-stendraend

12. AANBEVELING

Dat:

In ag genome voorafgaande uiteensetting, kan die Direksie met vrymoedigheid aanbeveel dat die volgende besluite voorgelê word aan VKB Beleggings (Edms.) Bpk. se aandeelhouders vir goedkeuring tydens die opkomende Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouders wat sal plaasvind op 15 September 2021:

- 1) VKB Beleggings (Edms.) Bpk. omskep word in 'n publieke maatskappy, VKB Beleggings Beperk.
- 2) 'n Nuwe klas handelbare voorkeuraandele (Klas 5-voorkeuraandele) in VKB Beleggings Beperk geskep word met die volgende terme:
 - Die aandele sal handelbaar wees op die beurs waar dit genoteer word.
 - Die aandele sal nie-stemdraend wees (stemreg beperk tot aangeleenthede wat die regte daarvan raak).
 - Die aandele sal nie-aflosbaar wees (word nie teruggekoop deur die maatskappy nie).
 - Die aandele sal 'n dividendkoers van 40% van die heersende prima-uitleenkoers van toepassing op die verklaringsdatum dra, onderworpe aan die solvensie en likiditeit van die maatskappy. Die dividend word bereken op die sigwaarde (R1 – een Rand per aandeel) van die aandele.
 - Die dividend sal nie-kumulatief wees.
 - Verklaring en betaling van dividende sal halfjaarliks oorweeg word.
 - Bestaande aandeelhouders sal halfjaarliks die geleentheid gebied word om bestaande Klas 2- en 3-aandele te omskep in Klas 5-voorkeuraandele.
 - In die uiters onwaarskynlike geval van likwidasië van die maatskappy is die reg van die Klas 5-voorkeuraandeelhouders om te deel in die surplus beperk tot R1,00 per aandeel (waar Klas 2- en 3-aandeelhouders kan deel in die surplus bo R1,00). Die aandele het dus geen voorkeurreg by likwidasië nie.
 - Die aandele kan gesedeer word aan VKB Landbou as sekuriteit vir produksiefinansiering, teen die markwaarde daarvan. Waar bestaande Klas 2- en 3-aandele dien as sekuriteit, moet gelykwaardige sekuriteit aangebied word alvorens die Klas 2- en 3-aandele omskep kan word in Klas 5-voorkeuraandele.
 - Daar is 'n verskil in die opbrengskoers van Klas 4-voorkeuraandele en Klas 5-voorkeuraandele, maar verder rangeer die Klas 5-voorkeuraandele pari passu met die Klas 4-voorkeuraandele.
- 3) Die terme van Klas 2- en 3-aandele gewysig word om voorsiening te maak vir die omskepping daarvan in Klas 5-voorkeuraandele.
- 4) Die Klas 5-voorkeuraandele genoteer word op 'n aandelebeurs.
- 5) Die maatskappy 'n gewysigde Akte van Oprigting goedkeur wat voorsiening maak vir die besluite en bepalinge hierin uiteengesit, en voorts voldoen aan die vereistes van die aandelebeurs waar die Klas 5-voorkeuraandele genoteer word.
- 6) Die Direksie gemagtig word om uitvoering te gee aan hierdie besluite.